

# Die dag van die Here



## Sabbatmiddag

### Leesverwysings vir hierdie week se les:

*II Petrus 3:1, 2; Johannes 21:15–17; II Petrus 3:3–13; Psalm 90:4; Matteus 24:43–51; II Petrus 3:14–18.*

### Geheeteks:

“Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie” (*II Petrus 3:11*)

**I**n vorige eeue was mense wat nie in God geglo het nie gesien as onbetroubaar, en selfs dat hulle moontlik gevaarlik kon wees. Hoekom? Die antwoord is eenvoudig: as hulle nie in God geglo het nie, het hulle nie in ‘n toekomstige oordeel geglo en dus dat hulle voor God sou moes bieg vir hulle dade nie. Sonder hierdie dryfveer sou mense ‘n groter neiging gehad het om kwaad te doen. Alhoewel hierdie denkrigting in ons dae heelwat verouderd (en “polities verkeerd”) is, kan die logika daarvan en die rede daarvoor nie ontken word nie. Natuurlik het baie mense nie die vrees vir ‘n toekomstige oordeel nodig om te doen wat reg is nie. Maar terselfdertyd kan die vooruitsig om aan God verslag te moet doen definitief help om jou te motiveer om reg op te tree. Soos ons gesien het, was Petrus nie bang om kwaaddoeners te waarsku dat hulle voor God te staan sal kom nie, want die Bybel verwys duidelik na so ‘n oordeel wat aan die kom is. In hierdie konteks praat Petrus ondubbelsinnig oor die einde van tyd, die oordeel, die Tweede Koms van Jesus, en die tyd wanneer die “elemente sal brand en vergaan” (*II Pet. 3:10*). Petrus het geweet dat ons almal sondears is, en dus, met sulke vooruitsigte voor ons, vra hy: “hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie?” (*II Pet. 3:11*).

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 17 Junie.*

## Die Bron van Gesag

Petrus het sy lesers oor die verskillende gevaarlike leerstellings wat die kerk sou moes trotseer, gewaarsku. Hy het diegene vermaan wat vryheid belowe, maar die mense na verslawing teruglei, die teenoorgestelde van die vryheid wat aan ons in Christus belowe word. Hierdie was ongelukkig nie die enigste valse leerstelling wat die kerk die hoof sou moes bied nie. 'n Ander gevaar was aan die kom. Maar, voordat Petrus by hierdie spesifieke waarskuwing kom, sê hy eers iets anders. “Dit is reeds die tweede brief, geliefdes, wat ek aan julle skrywe. In albei wil ek deur herinnering julle suiwer gesindheid opwek, sodat julle die woorde kan onthou wat deur die heilige profete tevore gespreek is, en die gebod van ons, apostels van die Here en Verlosser” (*II Pet. 3:1, 2*).

**Wat beklemtoon Petrus hier oor hoekom sy lesers na dit wat hy skryf, behoort te luister? (Sien ook Johannes 21:15–17.)**

---



---



---



---

In II Petrus 3:1, 2 herinner Petrus hulle aan die geïnspireerde woorde wat deur die “heilige profete” tevore geskrywe was. Hy verwys hulle dus weer na die Bybel, na die Ou Testament. Hy herinner hulle dat hulle die “profetiese woord wat baie vas is”, het (*II Pet. 1:19*). Hy beklemtoon dat hulle geloofsbelydenis op die Woord van God gegrond is. Niks in die Nuwe Testament regverdig die gedagte dat die Ou Testament nie meer geldig of van minder belang is nie. Inteendeel, dit is die getuienis van die Ou Testament wat help om die geldigheid van die Nuwe Testament en die aansprake wat Petrus oor Jesus maak, te bevestig. Petrus voeg dan nog meer by, hy bevestig sy eie gesag deur dit wat voorheen deur die “heilige profete” gespreek was te verbind met “die gebod van ons, apostels van die Here en Verlosser”. Hy het sy roeping wat hy van die Here ontvang het om te doen wat hy besig was om te doen, baie duidelik gemaak. Geen wonder dat hy met soveel oortuiging en sekerheid gepraat het nie. Hy het die bron van sy boodskap persoonlik geken.

**Hoekom moet die Woord van God en nie kultuur of ons eie oordeel of redenasies nie, die beslissende outoriteit in ons lewens wees? (Per slot van rekening, vir watter ander rede sal ons dan die Sewendedag as Sabbat hou behalwe omdat die Woord van God so sê?)**

---

## Die spotters

Nadat hy sy lesers se “suiwere gesindheid” probeer opwek het sodat hulle “die woorde kan onthou wat deur “die heilige profete tevore gespreek [was], en die gebod van ons, apostels van die Here en Verlosser” (*II Pet. 3:2*), gee Petrus sy spesifieke waarskuwing. Dis miskien omdat hy geweet het hoe gevaarlik die leerstelling was dat hy so op die gesag waarmee hy geskryf het, klem gelê het.

### **Lees II Petrus 3:3, 4. Watter argumente sal spotters oor Christus se terugkeer opper?**

---

---

---

Daar is ‘n belangrike ooreenkoms tussen hulle wat valse vryheid probeer bevorder en hulle wat wantrouig oor die Tweede Koms is. Die eerste groep loop agter “die vlees in vuile begeerlikheid” aan (*II Pet. 2:10*); intussen is die tweede groep wat die wederkoms van Christus ontken, diegene “wat volgens hulle eie begeerlikhede” wandel (*II Pet. 3:3*). (Dit is nie net toeval dat sondige begeertes tot valse leerstellings kan lei nie, is dit?) Die spotters, waarsku hy, sal die reguit vraag vra, “Waar is die belofte van sy wederkoms?” (*II Pet. 3:4*). Deur dit te doen, sal hulle die outydse geloofsbelofte van Christene dat Jesus binnekort na hierdie aarde sal terugkom, betwis. Per slot van rekening, veral omdat Petrus van die laaste dae praat, sal die spotters die onweerlegbare feit dat baie Christene gestorf het en dat alles bly soos dit was, as argument aanvoer.

Oppervlakkig gesien, is dit nie ‘n onredelike vraag nie. Selfs heilige Henog, het Ellen G. White geskryf, het gedink dat die regverdige en die sondaars “saam na stof sal terugkeer en dat dit hulle einde sou wees” (*Patriarge en Profete*, bl. 81), en dit het hom gepla. As selfs Henog wat voor die Vloed gelewe het met hierdie vraag geworstel het, hoeveel te meer dan hulle wat duisende jare na hom geleef het, en selfs hulle wat in die “laaste dae” leef? En wat van ons as Sewendedag-Adventiste vandag? Ons naam steun die gedagte van Christus se Tweede Koms. Tog het Hy nog nie gekom nie. En ja, ons moet die spotters trotseer net soos Petrus voorspel het.

**Hoe, in jou geloofsondervinding, hanteer jy die feit dat Christus nog nie teruggekom het nie? Bring jou antwoord na die klas Sabbat.**

---

---

## ‘n Duisend jaar soos een dag

**Hoe** reageer Petrus op die argument van die spotters in II Petrus 3:8–10? Wat sê hy wat selfs nou kan help om te verstaan hoekom Christus nog nie teruggekom het nie?

---

---

---

---

---

Petrus behandel die strydvraag dat alles bly soos dit was. Hy herinner sy hoorders daaraan dat dit nie waar is dat die wêreld van die skepping af nie verander het nie. (Let op hoe Petrus teruggaan na die Woord van God as sy bron van gesag.) Daar was ‘n tyd toe God die wêreld met ‘n Vloed vernietig het (*II Pet. 3:6*). En die Vloed het beslis ‘n groot verandering in die wêreld gebring wat vandag nog met ons is. Petrus sê dan dat die volgende vernietiging deur vuur en nie deur water sal wees nie (*II Pet. 3:10*).

Petrus het ook geskryf dat “een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag” (*II Pet. 3:8*). Deur dit te sê, maak Petrus ‘n toespeeling op die woorde in Psalm 90:4: “Want duisend jaar is in u oë soos die dag van gister as dit verbyskiet, en soos ‘n nagwaak.” Met ander woorde, ons begrip van tyd is nie soos God s’n nie; ons moet dus versigtig wees met ons uitsprake oor tyd.

Vanuit ‘n menslike perspektief lyk dit asof daar ‘n vertraging van die wederkoms van Christus is. Maar, dis vanuit die mens se perspektief. Vanuit God se perspektief is daar geen vertraging nie. Feit is, Petrus sê dat addisionele tyd toon dat God geduldig is. Hy wil nie hê dat sommige moet vergaan nie (*II Pet. 3:9*). Die ekstra tyd word toegelaat om meer geleentheid aan almal te gee om tot bekering te kom.

Maar, Petrus waarsku dat God se lankmoedigheid nie as ‘n geleentheid gesien moet word om besluite uit te stel nie. Die dag van die Here sal onverwags soos ‘n dief in die nag kom. ‘n Dief wat in die nag kom, dink dat dit moontlik is om ongesiens te kan wegglip. Maar terwyl die dag van die Here soos ‘n dief gaan kom, sal dit waarneembaar wees. Soos hy sê, “die hemele [sal] met gedruis verbygaan en die elemente sal brand en vergaan” (*II Pet. 3:10*). Petrus se boodskap stem ooreen met Paulus se boodskap: “Kyk, nou is dit die tyd van die welbehag; kyk, nou is die dag van heil” (*II Kor. 6:2*).

## En wat daarvan?

'n Jongman het probeer om sy moeder te bearbei. Hy het haar van Jesus se dood en die belofte van Sy wederkoms vertel. Hy was nogal trots op homself en het gedink dat hy hom nogal goed van sy taak gekwyt het. Toe hy sy kort preek oor Jesus en Sy wederkoms klaargemaak het, kyk sy moeder na hom en sê: “En wat het dit nou met my te doen?”

**Lees II Petrus 3:11–13. Hoe beantwoord Petrus die vraag, “En wat het dit nou met my te doen?” (Sien Matt. 24:43–51)**

---

---

---

Soos ons gesê het wys ons kerk se naam, Sewendedag-Adventiste, daarop dat ons in die werklikheid van Christus se wederkoms glo. Die leerstelling is fundamenteel; ons Christelike geloof sal betekenisloos word sonder die wederkoms van Christus en al die beloftes wat dit vir ons inhou. Maar is daar nie die gevaar dat ons soos die slegte dienskneg sal word waarna Jesus in Mattheüs 24:43-51 verwys het nie? Ons mag miskien nie die spesifieke soort sonde doen wat in die gelykenis genoem word nie, maar dit is nie waarop dit neerkom nie (onthou, dit is net 'n gelykenis). Die gelykenis waarsku daarteen dat dit makliker kan word om ons standarde te verlaag, veral wat ons optrede teenoor andere betref, en dat ons meer en meer soos die wêreld kan word en minder vurig in ons geloof wat die Here se terugkoms betref. Gewis, nou en dan kom ons te staan voor diegene wat met hulle kaarte en profetiese berekeninge daarop aanspraak maak dat hulle die datum van Christus se wederkoms kan bewys. Maar die gevaar vir Sewendedag-Adventiste is grotendeels nie dat hulle datums vir Christus se terugkoms sal bepaal nie. Die gevaar vir hulle is liever dat soos wat die jare verbygaan, die belofte van die Tweede Koms minder belangrik in ons denke word. Een ding is seker, hoe langer ons op aarde is, hoe nader skuif die Wederkoms. En andersins, hoe langer ons hier is, hoe makliker word dit vir ons om daaraan te dink dat Sy koms nog ver weg is met die gevolg dat dit nie meer dringend en deel van ons daaglikse lewe is nie. Die Skrif waarsku teen hierdie soort selfvoldaanheid. Soos Petrus gesê het, indien Jesus binnekort sou kom en ons voor Hom in die oordeel te staan sou kom, “hoedanig moet ons nie wees in heilige wandel en godsvrug nie” (II Pet. 3:11). Die werklikheid van die Tweede Koms, wanneer dit ook al gebeur, behoort te bepaal hoe ons nou elke dag lewe.

**Hoe beïnvloed die werklikheid van die Tweede Koms jou in jou daaglikse lewe en denke? Wat, indien enigiets, sê jou antwoord aan jou oor jou lewe en oor jou geloof?**

## ‘n Finale beroep

Petrus eindig sy brief met ‘n tema wat dwarsdeur sy brief gevind kan word: om heilig te lewe en om versigtig te wees om nie “meegesleep [te] word deur die dwaling van sedelose mense” nie (*II Pet. 3:17*).

**Lees II Petrus 3:14–18. Op wie doen Petrus ‘n beroep en waarteen waarsku hy hier?**

---



---



---



---

Dis so interessant dat Petrus sy brief met ‘n verwysing na die geskrifte van “ons geliefde broeder Paulus” eindig (*II Pet. 3:15*). Paulus het ook oor die nodigheid om in vrede te leef terwyl daar op die Tweede Koms van Jesus gewag word, geskryf, en om die tyd te gebruik om in heiligheid te groei (*sien Rom. 2:4, Rom. 12:18, Fil. 2:12*). Let ook op dat Petrus se verwysing na die geskrifte van Paulus daarop dui dat Paulus se geskrifte baie waardevol geag was onder die vroeë Christene. Of Petrus na die hele versameling van Paulus se geskrifte verwys wat huidiglik in die Nuwe Testament gevind word, of net na ‘n gedeelte daarvan, kan nie vasgestel word nie. Nietemin, Petrus se kommentaar dui aan dat Paulus se briewe hoogaangeskrewe was.

Ten slotte skryf Petrus dat Paulus se geskrifte verkeerd opgevat kan word net soos ander dele van die Skrif. Die Griekse woord *grapha* beteken letterlik “geskrifte”, maar in hierdie konteks is dit duidelik “heilige geskrifte” soos die boeke van Moses en die Profete. Hier is reeds vroeg al ‘n bewys dat Paulus se geskrifte gesaghebbend is, net soos die gesag van die Hebreuse Bybel. En met inagneming van wat ons vroeër gelees het oor valse leraars wat vryheid beloof, is dit nie moeilik om daaraan te dink dat mense Paulus se geskrifte oor vryheid en genade gebruik het as ‘n verskoning vir sondige optrede nie. Paulus het regverdigmaking deur geloof alleen, sterk beklemtoon (*Rom. 3:21, 22*), maar niks in sy geskrifte gee mense die reg om te sondig nie (*sien Rom. 6:1–14*). Hy het hierdie dwaling oor regverdigmaking deur geloof self aangespreek. Tog waarsku Petrus diegene wat sy geskrifte verdraai, dat hulle dit “tot hul eie verderf” doen (*II Pet. 3:16*).

**Watter keuses maak jy nou wat jou kan help om die tipe lewe te leef waartoe ons in Christus Jesus geroep is?**

## Vir verdere studie:

Vanuit ons perspektief lyk dit asof die Tweede Koms vertraag word. Jesus het klaarblyklik gewet ons sal so voel, en in sommige gelykenisse waarsku Hy ons wat kan gebeur as ons nie versigtig en waaksaam gedurende die waggerperiode is nie. Kom ons kyk na die gelykenis van die twee diensknegte in Mattheüs 24:45–51, (ook in Woensdag se studie genoem). Hulle het beide hul heer terugverwag. Maar hulle het twee verskillende gevolgtrekkings oor sy terugkoms gemaak. Die een het besluit hy moet die hele tyd vir sy heer se terugkoms gereed wees. Die ander een het gesê dat sy heer getalm het om te kom en daarom het hy die geleentheid gebruik om verkeerd te doen. “Omdat ons nie presies weet wanneer Hy kom nie, word ons beveel om te waak. ‘Gelukkig is daardie diensknegte vir wie die heer wakker sal vind as hy kom’ Luk. 12:37. Wie op die koms van die Here wag, wag nie met gevoude hande nie. Die afwagting van die koms van Christus sal maak dat die mens die Here vrees, en ook Sy oordele oor die ongeregtigheid. Dit moet hulle tot ‘n besef bring van die groot sonde om Sy genade-aanbod te verwerp. Wie op die Here wag, reinig hul siele deur gehoorsaamheid aan die waarheid.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 634.

## Vrae vir bespreking:

- 1. Bespreek jou antwoord op Maandag se vraag oor die Tweede Koms in die klas. Wat is sommige van die maniere wat ons gebruik om die feit dat Christus nog nie teruggekom het nie, te hanteer? Wat kan ons leer uit mekaar se antwoorde?**
- 2. Watter leerstellings, gewoontes en geloofbelydenisse het ons as Sewendedag-Adventiste wat nie as gevolg van kultuur of rede of tradisie ontstaan het nie, maar alleenlik uit die Woord van God?**
- 3. Soos ons gedurende die week gesien het, het Petrus sondige neigings en hartstogte met valse leerstellings verbind. Die les het die volgende stelling gemaak: “Dit is nie net toeval dat sondige begeertes tot valse leerstellings kan lei nie, is dit?” Hoekom is dit nie net toevallig nie? Wat kan die verskeie ooreenkomste tussen die twee wees?**
- 4. Albert Einstein het aan die wêreld die verstommende idee gebied dat tyd nie absoluut is nie. Wat dit beteken, is dat afhangende van waar jy is en hoe vinnig jy beweeg, jou verwysing na tyd anders sal wees as iemand anders s’n volgens hulle verwysing. Dit is, tyd is iets wat baie geheimsinnig is en dit vertoon op wyses wat ons nie mooi verstaan nie. Hoe kan hierdie gedagte ons help om te besef dat God se begrip van tyd nie dieselfde as ons s’n is nie, veral in die konteks van Christus wat nog nie teruggekom het nie?**

